

## HOOFSTUK 6

### SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS

#### 6.1 INLEIDING

Die hoofdoel van die studie was om die bydraes van enkele Liggaamlike Opvoedkundiges ter vestiging en uitbouing van Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika te dokumenteer, te sistematiseer en te analiseer. Die bydraes van die volgende drie Liggaamlike Opvoedkundiges is nagevors:

- J.W. Postma
- C.M. Smit
- D.P.J. Smith

Die kriteria vir die seleksie van die persone en die metodes vir die evaluering van hulle bydraes is volledig in hoofstuk een bespreek.

Nadat soveel as moontlik beskikbare inligting ten opsigte van bogenoemde drie persone se bydraes ingesamel en verwerk is, het dit geblyk dat al drie 'n groot invloed op die ontwikkeling van verskeie terreine van die vak Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika gehad het. Ter wille van sistematisering, analisering en evaluering is die wyduiteenlopende bydraes in die volgende kategorieë geklassifiseer:

- Opleiding en onderrig
- Navorsing en publikasies
- Administratiewe aspekte - veral ten opsigte van Liggaamlike Opvoedkundige- en sportverenigings en Liggaamlike Opvoedkundige tydskrifte.

Die sistemativering van die data aan die hand van die genoemde kategorieë was van meet af aan noodsaaklik ter wille van 'n wetenskaplike benadering. Die klem van die studie val op die individuele bydraes wat elke persoon ten opsigte van die verskillende aspekte van die vak gelewer het. Dat vergelykings getref kan word is wel moontlik, maar metodologies was dit nie die sentrale benadering van die studie nie. Die feit dat die bydraes van die drie persone ten opsigte van 'n enkele stel kategorieë ontleed is, beteken juis nie - soos aangetoon sal word - dat elkeen op elk van die terreine eweveel bygedra het nie. Aan die ander kant is 'n mate van vergelyking - mits die regte perspektief behou word - nie alleen onvermydelik nie maar bied inderdaad algemene insigte in die ontwikkeling van die vak.

Die genoemde drie kategorieë word as basis gebruik vir die hieropvolgende samevatting en gevolgtrekkings ten opsigte van J.W. Postma, C.M. Smit en D.P.J. Smith se bydraes tot die ontwikkeling van die vak.

## 6.2 OPLEIDING EN ONDERRIG

### 6.2.1 INLEIDING

Gedurende die begin dertigerjare was daar geen geleentheid vir gespesialiseerde opleiding in Liggaamlike Opvoedkunde vir mans in Suid-Afrika nie. Alhoewel die meeste opleidingskolleges vir onderwysers Liggaamlike Opvoedkunde in een of ander vorm, veral in die vorm van driloefeninge, in die tydperk aangebied het, was dit slegs by die Kaapse Opleidingskollege waar 'n gespesialiseerde kursus in Liggaamlike Opvoedkunde vir dames aangebied is. Om hierdie rede moes beide Smith en Smit hul kennis ten opsigte van die vak verkry deur middel van literatuurstudie en persoonlike studies in Europa (1937/38). Postma daarenteen het gespesialiseerde praktiese en teoretiese opleiding in

Liggaamlike Opvoedkunde in Nederland ontvang voordat hy in 1940 na Suid-Afrika geëmigreer het.

Met die bovermelde inligting oor die persoonlike opleidingsgeleenthede van elk van die drie betrokke persone as agtergrond, kan oorgegaan word tot 'n sintese van elkeen se persoonlike bydraes tot die bevordering van opleiding en onderrig van Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika.

### 6.2.2 J.W. POSTMA

Postma se besondere bydrae tot die bevordering van opleiding en onderrig in Liggaamlike Opvoedkunde lê hoofsaaklik in die werk wat hy in dié verband tydens sy verbondenheid aan die Universiteit van Stellenbosch verrig het. Hoewel die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde van hierdie Universiteit reeds in 1937 tot stand gekom het, is die Departement in 1939 in 'n moeilike posisie geplaas toe die destydse hoof, dr. A. Obholzer, geïnterneer is. Dit was onder hierdie omstandighede dat Postma as waarnemende departementshoof aangestel is. Hy het nie alleen die Departement weer op 'n stewige basis geplaas nie maar het ook baanbrekerswerk ten opsigte van die samestelling van die leerplanne vir die verskillende kursusse verrig. Dit was veral ten opsigte van die teoretiese afdelings van die vak waartoe hy 'n besondere bydrae gelewer het. Hy was hoofsaaklik verantwoordelik vir die instelling en uitbouing van die vakafdeling Toetsing en Meting. Die belangrikheid en noodsaaklikheid vir die insluiting van so 'n afdeling in 'n kursus in Liggaamlike Opvoedkunde is daarna ook deur ander opleidingsinrigtings ingesien. Dit is dus grootliks aan Postma (maar ook aan Smith) toe te skryf dat Toetsing en Meting (later Evaluasie genoem) 'n vaste plek in die opleiding van studente in Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika verkry het. Benewens Toetsing en Meting het Postma ook verskeie ander teoretiese afdelings van die vak (soos antropometrie, grondslae, metodiek en organisasie en administrasie), gevestig en uitgebou. Deur middel van publikasies en referate het hy kennis oor dié betrokke afdelings aan

studente en dosente in Liggaamlike Opvoedkunde dwarsoor die hele Suid-Afrika oorgedra en beskikbaar gestel.

Met betrekking tot die administratiewe en organisatoriese aspekte van die Departement en die vak was Postma verantwoordelik vir verskeie sake wat die standaard van opleiding verhoog het. So byvoorbeeld het hy hom beywer vir die daarstelling van beter opleidingsfasiliteite sowel as navorsingsfasiliteite in die Departement. Verder het hy gesorg dat die belangrikste wetenskaplike boeke en tydskrifte met die oog op doeltreffende studie en opleiding in Liggaamlike Opvoedkunde beskikbaar was. As dosent het Postma die vak met soveel oorgawe beoefen dat hy 'n besielende invloed op die studente gehad het.

### 6.2.3 C.M. SMIT

Smit het veral op twee terreine bydraes gelewer ter bevordering van opleiding en onderrig in Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika. In die eerste plek het hy baanbrekerswerk verrig as die eerste organiseerder van Liggaamlike Opvoedkunde van die Unie-Onderwysdepartement en die NARLO (1939-1946). In die tweede plek het hy besondere bydraes gelewer as Professor in die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde en as Direkteur van die Instituut vir Liggaamlike Opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria.

As organiseerder van Liggaamlike Opvoedkunde het hy die reuse taak gehad om Liggaamlike Opvoedkunde gevestig te kry by die wydverspreide skole van die Unie-Onderwysdepartement en om alle vrywillige liggaamskultuurklubs dwarsoor die land van advies te bedien. Om dié taak uit te voer en om in sy doel te slaag, moes hy nuwe stelsels ontwerp, leerplanne saamstel, opleidingskursusse aanbied, professionele advies verskaf en uitsluitel gee oor die aankoop en verskaffing van Liggaamlike Opvoedkunde- en sportapparaat. Hierbenewens moes hy administratiewe sake hanteer waarin hy van meet af aan die inisiatief moes neem omdat hierdie terrein op daardie stadium in Suid-Afrika nog in sy babaskoene

gestaan het. Dit was byvoorbeeld eers in 1938 dat die Kaapprovinsie, en in 1939 dat Natal en die Oranje-Vrystaat organiseerders vir Liggaamlike Opvoedkunde aangestel het.

Een van Smit se grootste bates was die feit dat hy die vermoë gehad het om sy vakkennis en sy liefde vir Liggaamlike Opvoedkunde met entoesiasme aan onderwysers en instruksors oor te dra. Hy kon oud en jonk inspireer. Die resultaat hiervan was onder andere duidelik te bespeur in die groei van die aantal vrywillige klubs in Suid-Afrika en die nuwe ywer waarmee Liggaamlike Opvoedkunde aan die skole van die Unie-Onderwysdepartement aangebied is. Die aantal vrywillige klubs het byvoorbeeld van 'n honderd klubs in 1939 vermeerder na meer as tweehonderd in 1940, terwyl Liggaamlike Opvoedkunde - wat eers as 'n "dooie" vak bestempel is - vanaf 1939 (pas na Smit se aanstelling) met groot ywer en entoesiasme in bykans al die skole van die Unie-Onderwysdepartement aangebied is.

Gedurende Smit se verbondenheid aan die Unie-Onderwysdepartement en die NARLO was hy intens gemoeid met die samestelling van die nasionale leerplanne vir Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika. Dit kan met reg as een van Smit se belangrikste bydraes tot die verbetering van onderrig in Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika beskou word. Gesien teen die agtergrond dat daar op daardie stadium (begin veertigerjare) geen eenvormige stelsel van Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika bestaan het nie, kom die besef na vore hoe enorm die taak was wat deur Smit en sy medewerkers aangepak is. Die verskillende publikasies van Smit wat betrekking op die leerplanne gehad het, het nie net die grondslae gelê waarop skole, kolleges, universiteite, gimnastieklubs sowel as individue kon bou nie, maar die Afrikaanse kultuur is ook verryk met die daarstelling van 'n eenvormige Afrikaanse vakterminologie vir Liggaamlike Opvoedkunde.

Smit se tweede groot bydrae ter bevordering van die opleiding en onderrig in Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika, het hy gelewer as Professor aan die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde en as Direkteur van die Instituut vir Liggaamlike Opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria. Hy moes beide die Departement en die Instituut

vestig, beheer en uitbou. In dié verband was hy verantwoordelik vir die daarstelling van sportstrukture aan die Universiteit, die beplanning en ontwikkeling van die sportgronde, die aankoop van apparaat en moes hy ook die sportklubs van advies bedien. As hoof van die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde het hy 'n reuse aandeel gehad in die instelling en uitbouing van kursusse en vakrigtings sowel as die aanbring van aanpassings en wysiginge ter verbetering van die gehalte van opleiding van die studente in Liggaamlike Opvoedkunde. Die standaard van opleiding is verder verhoog deurdat Smit hom onvermoeid beywer het vir die verbetering van die kwaliteit van die fasiliteite wat gebruik is vir die opleiding van studente. In dié verband is die oprigting van die gebou vir Liggaamlike Opvoedkunde, die uitbreiding van sportvelde en in besonder die totstandkoming van die L. C. de Villierssportstadion van besondere belang.

Die bekwame wyse waarop Smit die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde geadministreer en beheer het, het daartoe aanleiding gegee dat die opleiding van studente vloeiend en doeltreffend kon geskied. Benewens die goeie beheer wat Smit oor die gebou vir Liggaamlike Opvoedkunde en oor sy personeel gehad het, het hy ook besondere aandag gegee aan die opbou van goeie verhoudinge tussen die personeel en die studente in Liggaamlike Opvoedkunde. In die verband het hy die inisiatief geneem ten opsigte van die reël van Liggaamlike Opvoedkundetoere asook die stigting van 'n Liggaamlike Opvoedkundevereniging aan die Universiteit van Pretoria. Die Universiteit van Pretoria het erkenning aan Smit gegee vir sy werk ter bevordering van die opleiding van studente in Liggaamlike Opvoedkunde aan die Universiteit deur hom in 1973 te vereer met die toekenning van Emeritus Professor van die Universiteit.

#### 6.2.4 D.P.J. SMITH

As dosent in Liggaamlike Opvoedkunde aan die Potchefstroomse Onderwyskollege en die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër

Onderwys het Smith uitstaande bydraes gelewer ter bevordering van opleiding en onderrig in Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika. By beide inrigtings was hy die eerste permanente aanstelling in die betrokke doseerposte. Hy het baanbrekerswerk verrig in die sin dat beide Departemente deur hom gevestig en uitgebou is. Hy was verantwoordelik vir die instelling en uitbouing van kursusse en vakrigtings en vir die samestelling van leerplanne in Liggaamlike Opvoedkunde by die Onderwyskollege en die Universiteit. Kenmerkend van die leerplanne wat deur hom saamgestel is, was die wetenskaplikheid, toepaslikheid sowel as die praktykgerigtheid daarvan. By beide inrigtings moes hy die vak aanvanklik onder baie beperkende omstandighede aanbied. Nogtans is die Liggaamlike Opvoedkundegebou van die Potchefstroomse Onderwyskollege (1940) en die Johannes van der Walt Instituut vir Liggaamlike Opvoeding van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys in 1949 deur sy toedoen opgerig. Hierbenewens was hy verantwoordelik vir die daarstelling en verbetering van die sportgeriewe van die Kollege en die Universiteit. Wat apparatuur betref het hy beide inrigtings voorsien van die modernste apparaat vir die praktiese afdelings van die vak en op hierdie wyse die opleidingstandaard aansienlik verhoog.

Tydens sy verbondenheid aan die Potchefstroomse Onderwyskollege het hy hom in die besonder beywer vir die aanbieding van vertonings in Liggaamlike Opvoedkunde. Hierdeur het hy die publiek en ander oningeligtes met die aard en inhoud van Liggaamlike Opvoedkunde bekend gestel en kon voornemende studente beïnvloed word om verder in die vak te studeer.

Smith het die vermoë gehad om sy kennis op sistematiese, duidelike en kernagtige wyse aan studente oor te dra. Hy was egter baie meer as 'n koue, logiese en "afgesonderde" akademikus aangesien hy sy studente ook lewenswaardes wou leer. Om hierdie rede het daar tydens sy lesings ook waarde- en wysheidsoordragte plaasgevind wat hoofsaaklik op 'n Christelik-nasionale benadering geskoei was.

## 6.2.5 SAMEVATTING

In die voorafgaande gedeeltes is aangetoon dat die betrokke drie persone op verskeie terreine rakende die opleiding en onderrig in Liggaamlike Opvoedkunde groot bydraes gelewer het. Die belangrikste faset hiervan is die instelling en uitbouing van kursusse en vakrigtings en die samestelling van leerplanne. Die navorser is van mening dat die inhoudelike van 'n kursus/kurrikulum/leerplan die basis vorm vir toepaslike en doeltreffende opleiding. Alle ander fasette wat bydraend is tot doeltreffende opleiding en onderrig is ondergeskik hieraan. Dit is dus essensieel dat die inhoudelike van 'n kursus/leerplan wetenskaplik-gefundeerd en -gerig maar ook toepaslik moet wees. Dit moet aan die behoeftes van die tyd voldoen. Indien nie, moet die nodige aanpassings gedoen en wysigings aangebring word.

Dit is dus opmerklik dat Postma, Smit en Smith se grootste bydraes tot die verbetering van opleiding en onderrig daarin gelê het dat hulle - oral waar hulle vestigingswerk (vir die vak) verrig het - hulle eerstens toegelê het op die instelling van wetenskaplik gefundeerde en toepaslike kursusse asook die samestelling van leerplanne wat hoofsaaklik praktykgerig was. So byvoorbeeld het Postma die B.Ed.Ph.-graadkursus aan die Universiteit van Stellenbosch, Smit die B.Ed.Phys.-graadkursus aan die Universiteit van Pretoria en Smith die B.P.Ed.-graadkursus aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys ingestel en hul daarna vir die nodige uitbouings sowel as wysiginge beywer. Dit is interessant dat veral Smit en Smith hul later baie sterk beywer het vir die vervanging van bogenoemde vierjarige graadkursusse met 'n B.A. en/of B.Sc.-graadkursus (met Liggaamlike Opvoedkunde as hoofvak) omdat eersgenoemde grade nie meer voldoen het aan bepaalde behoeftes in die onderwysituasie nie. So het Smit ook deur middel van die reuse aandeel wat hy ten opsigte van die samestelling van nasionale leerplanne vir Liggaamlike Opvoeding gehad het, die onderrig van Liggaamlike Opvoeding op skole op 'n stewige fondament geplaas.

Naas die instelling en uitbouing van kursusse en samestelling van leerplanne is tot die konklusie gekom dat doeltreffende organisasie en



administrasie 'n tweede essensiële eis is vir die verbetering van opleiding en onderrig in Liggaamlike Opvoedkunde. Ontwikkeling en vooruitgang is slegs moontlik indien die administratiewe aspekte rondom 'n saak doeltreffend bedryf word. Om 'n kursus suksesvol te implementeer is dit noodsaaklik dat die administratiewe masjinerie glad moet funksioneer. Die belangrikste fasette behels die doeltreffende beheer oor fasiliteite, oor personeel, oor onderwysers/studente/leerlinge; sinvolle besluitneming; professionele optrede ten opsigte van enige administratiewe saak en deeglike en realistiese beplanning. As departementshoofde het Smit en Smith en as waarnemende departementshoof (vir ses jaar) het Postma hul departemente elkeen op sy eie manier geadminestreer. As 'n algemene stelling kan aanvaar word dat die wyse van beheeruitoefening oor verskillende departemente telkens 'n unieke karakter sal hê as gevolg van die feit dat elke departementshoof sy eie persoonlikheidstempel daarop sal afdruk.

Alhoewel dit ten nouste saamhang met die faset van doeltreffende organisasie en administrasie, is die navorser van mening dat die daarstelling en uitbouing van algemene fasiliteite en in besonder apparaat vir Liggaamlike Opvoedkunde die derde belangrike en essensiële faset vir die verbetering en opgradering van opleiding en onderrig in Liggaamlike Opvoedkunde is. Om 'n ingestelde kursus/leerplan suksesvol te implementeer moet die benodigde fasiliteite en apparaat beskikbaar wees. Om geskikte apparaat te bekom is (naas fondse en kennis) doeltreffende administrasie en organisasie nodig. Postma, Smit en Smith het 'n groot aantal ure bestee en baie persoonlike opofferings gemaak om te verseker dat die inrigtings waaraan hul verbonde was oor die nodige fasiliteite en apparaat beskik om die vak so doeltreffend as moontlik te implementeer en om die gehalte van opleiding en navorsing so ver as moontlik uit te bou en te verbeter.

Ten slotte word tot die gevolgtrekking gekom dat die vierde essensiële faset ten opsigte van die bevordering van opleiding en onderrig in Liggaamlike Opvoedkunde geleë is in die noue saamhang tussen die persoonlike optrede en geaardheid van die persoon wat die vak aanbied en die vakstof wat hy hanteer. Om die vak (en dit geld waarskynlik vir alle dissiplines) werklik tot sy reg te laat kom - om die vak te laat

lewe - moet die betrokke persoon toesien dat die inhoudelike daarvan (teoreties en prakties) op so 'n wyse aangebied word, dat dit duidelik en insiggewend maar ook prikkelend en interessant vir die onderwyser/student/leerling is. Aanvullend hierby kan van verskeie ander metodes en tegnieke gebruik gemaak word om die student se belangstelling in en waardering vir die vak te bevorder soos byvoorbeeld die reël van vertonings en toere asook die stigting van Liggaamlike Opvoedkundeverenigings. Dit het herhaaldelik tydens die studie na vore gekom dat die persoonlike invloed van elk van die drie persone op die studente met wie hulle in aanraking was, 'n enorme bydrae tot die bevordering van die vak gelewer het. Hierdie persone het die vak beoefen met toegewydheid, met entoesiasme, met 'n akademiese ingesteldheid asook 'n positiewe benadering te midde van beperkte omstandighede. Dus, indien 'n Liggaamlike Opvoedkundige daarin sou slaag om sy studente deur middel van sy persoonlike optrede, sy toegewydheid, sy entoesiasme, sy akademiese ingesteldheid, sy positiewe benadering en sy liefde vir die vak, te inspireer om die dissipline met soortgelyke ywer en entoesiasme verder uit te bou, is 'n uiters belangrike bydrae ter bevordering van die vak. 'n Bydrae wat kwalik en moeilik meetbaar is maar op die ou einde vir homself getuig.

Postma het die vak met soveel oorgawe beoefen dat hy 'n besielende invloed op sy studente gehad het. Smit het met sy dinamiese persoonlikheid en entoesiasme by menige onderwyser, student en leerling 'n liefde vir en toegewydheid aan die vak laat posvat. Van Smith is gesê dat hy na sy aftrede 'n groot getal besielde, goed onderlegde studente en navorsers nagelaat het. Verskeie studente wat deur bogenoemde drie persone beïnvloed is, beklee vandag van die belangrikste betrekkings in Liggaamlike Opvoedkunde, Rekreasiekunde en Sportwetenskap in Suid-Afrika. 'n Beter bewys van die bydrae van persoonlike invloed op studente ter bevordering van die vak en ter uitbouing van opleiding en onderrig in die vak, is beswaarlik bekombaar.

Hoewel die bovermelde vier fasette - wat essensieel is vir die bevordering van opleiding en onderrig in Liggaamlike Opvoedkunde - as aparte fasette bespreek is, is daar in der waarheid 'n verweefdheid tussen hierdie aspekte. Die inhoudelike van 'n kursus kan slegs tot sy reg kom as dit

ondersteun word deur doeltreffende administrasie, geskikte fasiliteite en goeie doseerstyl. Net so kan doseerstyl beïnvloed word deur die inhoudelike van die stof wat aangebied moet word, die beskikbaarheid van fasiliteite sowel as die doeltreffendheid van die onderliggende administrasie.

## 6.3 NAVORSING EN PUBLIKASIES

### 6.3.1 INLEIDING

Navorsing speel 'n kardinale rol in die ontwikkeling en uitbouing van enige vak - ook in Liggaamlike Opvoedkunde. Met navorsing word nie net die voltooiing van navorsingsprojekte op sigself bedoel nie. Dit sluit ook fasette in soos die kweek van 'n navorsingsingesteldheid by studente, die verskaffing van leiding aan studente ten opsigte van hul eie navorsing, die bevordering van navorsing deur die daarstelling van navorsingsfasiliteite en -apparaat, die inwin van kennis deur studiereise, bywoning van kongresse en simposia sowel as die skryf van geskrifte. Die stimulering van 'n navorsingsingesteldheid loop uit op die publikasie van nuwe kennis en dit stimuleer meer denke en verdere ondersoek.

### 6.3.2 J.W. POSTMA

Postma was een van die eerste Liggaamlike Opvoedkundiges in Suid-Afrika wat met navorsingswerk in Liggaamlike Opvoedkunde begin het. Met sy aanstelling aan die Universiteit van Stellenbosch in 1940, het hy gevind dat daar 'n groot aantal van sy kollegas aan die Universiteit was wat geen erkenning aan die vak as wetenskaplike dissipline gegee het nie. Op daardie stadium was daar ook geen sprake van navorsingswerk in

Liggaamlike Opvoedkunde aan dié Universiteit nie. Postma het hom dit ten doel gestel om hierdie "minderwaardige status" wat deur sommige kollegas aan Liggaamlike Opvoedkunde toegeken is, af te breek deur onder andere bewys te lewer dat navorsing in hierdie dissipline wel moontlik is. Hy was 'n aktiewe navorsers en het verskeie groot navorsingsprojekte voltooi. Deur sy toedoen is 'n laboratorium vir motoriekondersoek in 1962 by die Universiteit ingerig waar verskeie fisiologiese en antropometriese toetse gedoen kon word. Hy het hom ook daarvoor beywer om 'n navorsingsingesteldheid by studente te kweek. Hy het in 'n groot mate hierin geslaag deur middel van die ontwerp en uitbouing van die afdeling Toetsing en Meting in die Liggaamlike Opvoedkundekursus waarin studente navorsingswerk gedoen het. Hy het as promotor opgetree vir een doktorsale kandidaat en veertien magistergraadkandidate.

Sy bydraes ten opsigte van publikasies lê daarin dat, benewens 'n paar publikasies wat in boekvorm verskyn het, daar ook 'n groot aantal artikels (48) van hom in nasionale sowel as internasionale Liggaamlike Opvoedkundige tydskrifte verskyn het.

Gevolgtrek is na aanleiding van bogenoemde tot die konklusie gekom dat Postma se belangrikste bydrae tot die ontwikkeling en uitbouing van Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika, sy boek *Inleiding tot die Liggaamlike Opvoedkunde* was. Met hierdie publikasie het Postma gepoog om 'n omvattende handleiding vir studente in Liggaamlike Opvoedkunde wat alle fasette van die teorie van die vak sou dek, daar te stel. *Inleiding tot die Liggaamlike Opvoedkunde* het 'n huishoudelike naam in die opleidingskringe van Liggaamlike Opvoedkunde dwarsoor die Republiek van Suid-Afrika geword. Dit kan met reg gesê word dat Postma se naam deur middel van hierdie publikasie verewig is in die geskiedenisboeke van Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika.

### 6.3.3 C.M. SMIT

Hoewel Smit as gevolg van 'n baie vol program - wat te wyte was aan die talle verpligtinge wat hy as Professor in Liggaamlike Opvoedkunde en Direkteur van die Instituut vir Liggaamlike Opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria moes nakom - self weinig tyd vir navorsing gehad het, het hy navorsing tog as 'n belangrike deel van die wetenskaplike beoefening van die vak beskou. Dit moes volgens hom egter nie ten koste van doeltreffende opleiding en onderrig geskied nie. Hy het baie oor die vak gelees om homself op hoogte te hou met die nuutste ontwikkelinge op sy vakgebied. Benewens die drie navorsingsprojekte wat deur hom voltooi is, het hy ook leiding aan studente ten opsigte van hul eie navorsing verskaf. Hy het as promotor opgetree vir drie doktorsale kandidate en twaalf magistergraadkandidate.

Ten opsigte van publikasies wat deur Smit gelewer is, is die belangrikste daarvan sekerlik die verskyning van die nasionale leerplanne vir Liggaamlike Opvoeding. Hierdie publikasie het tot gevolg gehad dat Liggaamlike Opvoedkunde in skoolverband vir die eerste keer in die geskiedenis van Suid-Afrika op 'n stewige fondament geplaas is. Om hierdie rede sal dit dus altyd 'n ereplek in die geskiedenis van Liggaamlike Opvoedkunde van Suid-Afrika beklee. Dit is jammer dat weinig vakkundiges besef watter persoonlike dryfkrag agter die voltooiing van hierdie publikasies gesit het.

### 6.3.4 D.P.J. SMITH

Smith was een van die eerste Liggaamlike Opvoedkundiges wat sy doktorsale studies in Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika voltooi het. Saam met Postma was hy een van die baanbrekers wat navorsingswerk in Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika gevestig en uitgebou het. Smith het besondere bydraes ten opsigte van die afdeling Toetsing en Meting gelewer. Vyf groot navorsingsprojekte wat oor hierdie onderwerp handel

is deur hom voltooi. Gesien in die lig daarvan dat hy nie die moderne verwerkingsapparatuur van vandag tot sy beskikking gehad het nie en alle berekeninge self moes doen, kom 'n mens onder die besef hoe groot die omvang van hierdie navorsingswerk was en hoeveel tyd dit in beslag moes neem. As gevolg van Smith se wetenskapsgeoriënteerdheid en navorsingsingesteldheid het hy menige student ingelei in die aanvoeling en benadering tot wetenskaplike denke. Hy het ook as promotor opgetree vir drie doktorsale kandidate en as leier vir sewentien magistergraadkandidate.

Die publikasies wat deur Smith gelewer is, het hoofsaaklik bestaan uit die resultate van sy navorsingswerk wat in boekvorm verskyn het sowel as verskeie artikels wat in Ligaamlike Opvoedkundige tydskrifte verskyn het.

### 6.3.5 SAMEVATTING

Die feit dat navorsing in Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika tans op so 'n gevorderde vlak beoefen word, moet in geen beskeie mate aan die baanbrekerswerk wat deur veral Postma en Smith gedoen is, toegeskryf word. As die omstandighede waaronder hulle navorsingswerk moes doen en die "eenvoudige" apparatuur wat tot hul beskikking was in ag geneem word, kom die navorser baie sterk onder die besef van die kwaliteit en omvang van hul navorsingspogings. Hul het daarin geslaag om 'n basis te lê waarop toekomstige navorsing in Liggaamlike Opvoedkunde voortgesit kon word. Dit is dan ook aan Postma, Smit en Smith te danke dat soveel studente (wat onder hul leiding gestudeer en navorsing gedoen het) tans leidende posisies in die Liggaamlike Opvoedkundekringe beklee en 'n hoë prioriteit aan navorsing verleen.

Op grond van bostaande is die navorser van mening dat die Liggaamlike Opvoedkundige wat met die opleiding van studente te doen het, benewens sy eie navorsing, besondere aandag moet gee aan die skepping van 'n navorsingsingesteldheid by studente. Op hierdie wyse dra hy daartoe

by en verseker hy grootliks dat die uitbouing en ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde onder die leiding van die volgende generasie op wetenskaplik verantwoordbare wyse sal geskied.

Hierdie studie het die navorser ook tot die gevolgtrekking gebring dat navorsing in Liggaamlike Opvoedkunde nie alleen die paaie van die toekoms moet oopmaak nie maar andersyds ook gerig moet wees op kontemporêre probleme en behoeftes. Wetenskapsontwikkeling is van basiese navorsing afhanklik. Basiese navorsing verskaf 'n stewige fondament waarop die praktyk kan bou. Dit is dus noodsaaklik dat basiese navorsing beoefen word, nie net ter ondersteuning van die praktyk nie, maar ook om aan die behoeftes van die tyd te voorsien en om leemtes te vul. Die navorsingswerk wat deur Smith voltooi is ten opsigte van Toetsing en Meting het byvoorbeeld 'n groot leemte in die beoefening van die vakdissipline gevul en die resultate daarvan kan nuttig op verskeie terreine gebruik word.

Soos reeds gemeld was Smit van mening dat navorsing in Liggaamlike Opvoedkunde belangrik is, maar dat dit nie ten koste van opleiding moes plaasvind nie. Die navorser onderskryf Smit se siening in die verband. Indien 'n Liggaamlike Opvoedkundige in 'n betrekking aangestel word wat hoofsaaklik daarop gerig is om studente in Liggaamlike Opvoedkunde op te lei, mag hy hierdie taak nie ondergeskik stel aan sy eie navorsingswerk nie. Daar moet 'n goeie balans tussen die twee gehandhaaf word.

Ten opsigte van publikasies is tot die gevolgtrekking gekom dat Postma, Smit en Smith as gevolg van die hoë eise wat op soveel terreine aan hul gestel is, nie soveel kon publiseer as wat hul graag sou wou nie. Gesien teen hierdie agtergrond maak dit Postma se publikasie Inleiding tot die Liggaamlike Opvoedkunde des te merkwaardiger. Die skryf van geskifte speel 'n baie belangrike rol ter bevordering van die vak aangesien vakkennis op hierdie wyse gedokumenteer, ontwikkel en ook doeltreffend versprei kan word. Sodoende word/is standpunte oorgedra wat akademiese gesprek en denke stimuleer en aanleiding gee tot verdere navorsing. Dit is jammer dat die huidige toestand in Suid-Afrika bykans dieselfde is as dertig jaar gelede, naamlik dat die Liggaamlike

Opvoedkundige op soveel terreine diens moet lewer dat hy bykans geen tyd tot sy beskikking het om publikasies te lewer nie. Op grond van die feit dat Liggaamlike Opvoedkunde grootliks 'n praktykgerigte vak is, is dit vanselfsprekend dat publikasies wat deur Liggaamlike Opvoedkundiges gelewer word oor die algemeen van toepassing op die praktyk sal wees. Volgens die Suid-Afrikaanse Na-sekundêre Opvoedingsverslag (SANSO-verslag) (Departement van Nasionale Opvoeding, 1982:44) word staatsubsidiëring van navorsingsuitsette slegs verskaf indien hulle in erkende wetenskaplike tydskrifte verskyn wat oor erkende redaksierade beskik. Menige Suid-Afrikaanse Liggaamlike Opvoedkundige- en sporttydskrifte is nie opgeneem in hierdie lys van vaktydskrifte wat in 1985 deur die Departement van Onderwys en Kultuur saamgestel is en as basis gebruik word nie. Aangesien dit juis op hierdie gebied is waar die Liggaamlike Opvoedkundige in Suid-Afrika sy grootste bydrae kan lewer, word hy in 'n groot mate in die verband gekortwiek.

## 6.4 ADMINISTRATIEWE EN ORGANISATORIESE ASPEKTE

### 6.4.1 INLEIDING

Wat bydrae ten opsigte van die administratiewe en organisatoriese aspekte van Liggaamlike Opvoedkunde betref, word daar in hierdie gedeelte spesifiek op die volgende aspekte gekonsentreer:

1. Betrokkenheid by Liggaamlike Opvoedkundige verenigings ten opsigte van aspekte soos die stigting en vestiging van sodanige verenigings, dienslewering en administratiewe poste, deelname ten opsigte van komitee- en kommissiewerk met betrekking tot algemene en spesifieke take wat aan hulle opgedra is asook die kwaliteit en omvang van die hantering van die gewone sleur verbonde aan die instandhouding, voortsetting en uitbouing van verenigings.



2. Betrokkenheid by sportverenigings ten opsigte van aspekte soos die stigting en vestiging van sodanige verenigings, dienslewering in die vorm van afrigting, dienslewering in administratiewe poste, deelname ten opsigte van komitee- en kommissiewerk, die kwaliteit en omvang van die hantering van die gewone sleur verbonde aan die instandhouding, voortsetting en uitbouing van verenigings asook die mate waarin hulle betrokkenheid by sportverenigings invloed gehad het op die uitbouing van Liggaamlike Opvoedkunde in die algemeen.
3. Betrokkenheid by Liggaamlike Opvoedkundige tydskrifte ten opsigte van aspekte soos die daarstelling en uitbouing van sodanige tydskrifte in Suid-Afrika, dienslewering in administratiewe poste en ondersteuning deur die lewering van artikels vir publikasiedoeleindes.

#### 6.4.2 J.W. POSTMA

Gedurende die vroeë veertigerjare was daar geen sprake van enige vereniging vir Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika nie. Tot 1945 het die verskillende Liggaamlike Opvoedkundiges in Suid-Afrika ook baie min kontak met mekaar gehad.

Postma het die inisiatief geneem om die eerste kongres vir Liggaamlike Opvoeding in Suid-Afrika in 1945 te reël. Na aanleiding van hierdie kongres het die tweede kongres vir Liggaamlike Opvoeding in 1950 plaasgevind. Gedurende hierdie kongres (1950) is daar besluit op die stigting van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Gesondheid, Liggaamlike Opvoeding en Ontspanning (SAVGLO & O). Postma is gekies as die eerste sekretaris van die Vereniging.

Postma het in verskillende hoedanighede en op verskeie terreine 'n aandeel in die vestiging en uitbouing van hierdie Vereniging gehad. Gedurende die eerste dekade van die Vereniging het hy afwisselend as voorsitter en as sekretaris opgetree. Verder het hy op verskeie komitees

van die Vereniging gedien soos onder andere die propagandakomitee, die navorsingskomitee, die komitee rakende die nasionale fiksheidsprogram asook verskeie ad hoc-komitees. Hy was ook betrokke by die stigting en uitbouing van takke van die Vereniging soos onder andere die Stellenbosch-tak van die SAVGLO & O. Hy moet beskou word as een van die groot bouers aan die Vereniging en as een van die belangrikste stene in hierdie "gebou" wat vandag as die SAVSLOR bekend staan en hoë aansien geniet. Uit erkenning vir die diens wat hy aan Liggaamlike Opvoedkunde gelewer het, het hy in 1965 'n merietetoekening van die Vereniging ontvang.

Postma was ook betrokke by die uitbouing van die eerste vaktydskrif vir Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika naamlik Liggamsopvoeding. Hy het vir sewentien maande as hoofredakteur opgetree en deur middel van sy bydraes is die gehalte van die blad aansienlik verhoog. Schrecker het beweer dat Postma deur middel van sy eie bydraes, sowel as deur sy welwillendheid in die behandeling van medewerkers, die gehalte van Liggamsopvoeding opmerklik verbeter het.

#### 6.4.3 C.M. SMIT

Smit was betrokke by die SAVGLO & O vanaf die stigting van die Vereniging. Tydens sy verbondenheid aan die Vereniging het hy diens gelewer deur as voorsitter op te tree (1962) en bydraes in verskeie komitees van die Vereniging te lewer. Van Smit se belangrikste bydraes is dié wat hy gelewer het ten opsigte van die konstitusie van die Vereniging, die stigting van takke, die uitbreiding van die ledetal sowel as bydraes ten opsigte van die vakterminologie. In 1965 het hy 'n merietetoekening van die Vereniging ontvang uit erkentlikheid vir sy bydraes tot die bevordering van Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika.

Ten opsigte van sy betrokkenheid by sportverenigings is dit vermeld dat (benewens die feit dat Smit betrokke was by 'n verskeidenheid

sportsoorte aan die Universiteit van Pretoria) hy ook diens gelewer het aan sportverenigings buite die Universiteit van Pretoria naamlik:

- Die Suid-Afrikaanse Amateur Gimnastiekunie : 1954-1964
- Die Noord-Transvaalse Amateur Gimnastiekunie : 1956-1972
- Die Suid-Afrikaanse Universiteite Gimnastiekunie : 1965-1972
- Die Suid-Afrikaanse Nasionale Skole Gimnastiekunie : 1962-1964
- Die Noord-Transvaalse Paraplegiese Vereniging : 1963-1970

As gevolg van Smit se breë ervaringsveld en vakkundigheid het hy 'n groot rol gespeel in die vestiging en uitbouing van bogenoemde sportverenigings. Weens die feit dat hy by sowel sport- as Liggaamlike Opvoedkundige verenigings betrokke was, het dit hom in staat gestel om oorbruggingswerk te doen ten einde beter samewerking tussen die sportverenigings en Liggaamlike Opvoedkundige verenigings te verkry. Op hierdie wyse is die belange van albei partye bevorder.

#### 6.4.4 D.P.J. SMITH

Wat die SAVGLO & O en later die SAVLOR betref, lê Smith se bydrae hoofsaaklik daarin dat hy betrokke was by die vestiging van die Vereniging, dat hy insette gelewer het as voorsitter van die navorsingsafdeling van die Vereniging en dat hy betrokke was by ander aspekte van die Vereniging soos onder andere die taakgroepe en die fisieke fiksheidskomitee. Hierbenewens was hy 'n gereelde bywoner van die Vereniging se kongresse en het telkemale sinvolle bydraes gelewer tydens besprekingsessies. Na afloop van die agtste kongres van die SAVLOR in 1959 het J.W. Postma byvoorbeeld in sy hoedanigheid as sekretaris van die SAVLOR aan die Registrateur van die PU vir CHO geskryf dat Smith deur sy voorsitterskap van die navorsingsafdeling sowel as deur sy deelname aan besprekings op die kongres 'n belangrike bydrae gemaak het tot die sukses van die kongres. In 1965 het hy 'n merietetoekenning van die Vereniging ontvang uit erkentlikheid vir sy

bydraes tot die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika.

In verband met sportverenigings het Smith veral ten opsigte van atletiek en tennis uitstaande diens gelewer - benewens sy betrokkenheid by 'n groot aantal ander sportsoorte. Ten opsigte van hierdie twee sportsoorte het hy op universitêre, interuniversitêre, provinsiale, nasionale sowel as internasionale vlak diep spore getrap. W.N. Coetzee het beweer dat dienslewering na buite en onbaatsugtige hulp aan sportmanne vir Smith 'n lewenstaak was. Hy het hom met erns en toewyding beywer vir die bevordering van sport, sonder om enige vergoeding te verwag.

#### 6.4.5 SAMEVATTING

Hierdie afdeling van die studie het die navorser weer sterk onder die besef gebring van die belangrikheid van vakverenigings. Vakverenigings kan 'n besondere bydrae lewer tot die ontwikkeling van 'n dissipline omdat daar deur middel van 'n georganiseerde struktuur na die belange van die vak op verskeie vlakke van die samelewing omgesien kan word. So het die SAVGLO & O/SAVLOR (wat deur die toedoen van onder andere Postma, Smit en Smith gestig, gevestig en uitgebou is) 'n groot bydrae gelewer tot onderlinge skakeling en die bevordering van samewerking tussen kollegas; dit is as mondstuk vir lede gebruik om bepaalde belange te behartig en te bevorder; dit het kontak en skakeling met ander verenigings (nasionaal en internasionaal) opgebou en uitgebou; dit het geleenthede geskep vir die bywoning van kongresse, en dit het deur middel van besluite bepaalde projekte geloods om die belange van die vak te bevorder. Verder is kongresse 'n plek vir standpuntstelling, uitruil van menings, opwek van entoesiasme, skepping van eenvormigheid ten opsigte van fasette soos kursus- en leerplansamestellings en die inbring van nuwe insigte en kennis.

Eweneens het die navorser onder die indruk gekom van die belangrikheid van die bestaan van vaktydskrifte. Postma het 'n groot bydrae gelewer

tot die uitbouing van die eerste vaktydskrif in Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika, naamlik *Liggaamsopvoeding*, terwyl hy sowel as Smit en Smith hierdie tydskrif asook as die opvolger daarvan, *Vigor*, gereeld van artikels voorsien het. Hierdie tydskrifte het vakkundige inligting en hulp aan lesers verskaf, 'n forum gevorm vir die uitruil van menings en oor die algemeen as bekendstellingsmedium vir Liggaamlike Opvoedkunde gedien. Met die beëindiging van die publikasie van *Vigor* in 1966 is daar 'n groot leemte in Liggaamlike Opvoedkundige kringe in Suid-Afrika gelaat.

As gevolg van die feit dat Liggaamlike Opvoedkunde praktykgerig van aard is, leen dit hom in 'n groot mate tot gemeenskapsdiens. Hierdie studie wat gehandel het oor die bydraes van Postma, Smit en Smith tot die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde het getoon dat al drie persone 'n groot deel van hulle tyd aan gemeenskapsdiens gewy het. Gemeenskapsdiens is dus 'n integrale deel van die Liggaamlike Opvoedkundige se bydrae tot die ontwikkeling van die vak. Uit die verslag van die RGN-sportondersoek van 1982 blyk dat dit tans steeds die geval is in die Liggaamlike Opvoedkundige kringe (RGN, 1982a:219).

Dit blyk dus dat universiteite - aanvullend tot die basiese funksies van opleiding en navorsing - ook 'n verantwoordelikheid tot dienslewering aan die gemeenskap het (Scholtz, 1982:163). Die meeste universiteite beskik egter nie oor die nodige mannekrag, fasiliteite en middele om hierdie soort dienste te lewer nie (Scholtz, 1982:168). Die versigtige houding wat die SANSO-verslag (Departement van Nasionale Opvoeding, 1982:19) inneem oor die subsidiëring van gemeenskapsdiens deur universiteite, kan tot gevolg hê dat die Liggaamlike Opvoedkundige in Suid-Afrika gekortwiek word in die volvoering van sy taak op hierdie gebied.

Hierdie navorsing oor Postma, Smit en Smith se bydraes tot die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika het 'n onteenseglike bewys gelewer van hulle betrokkenheid by die wetenskaplik-akademiese fasette van die vak en van hulle praktiesgerigte en diensgeoriënteerde benadering tot Liggaamlike Opvoedkunde. Die belangrikheid daarvan dat die Liggaamlike Opvoedkundige hom nie in 'n eng akademiese dimensie van sy vakgebied moet isoleer nie, maar ook

betrokke moet wees by verenigings en organisasies wat in noue verband met die vak staan, het sterk na vore gekom. In die eerste instansie is dit van nut vir die Liggaamlike Opvoedkundige aangesien sy ervaringsveld, sy kennis en sy kontak met vakkundiges op hierdie wyse uitgebou word. In die tweede instansie is dit van nut vir die vak aangesien insigte wat deur die Liggaamlike Opvoedkundige bekom word, in die vakterrein teruggeploeg kan word. In die derde instansie is dit van nut vir die gemeenskap aangesien die Liggaamlike Opvoedkundige deur sy betrokkenheid diens oor 'n wye terrein kan lewer.

'n Wetenskap kan/mag nie net ter wille van die wetenskap bestaan nie - dit moet ook in diens staan van die mens. Op hierdie wyse word die teorie en praktyk verbind.

## 6.5 SLOTOPMERKING

Uit die navorsing wat onderneem is het dit geblyk dat die drie genoemde Liggaamlike Opvoedkundiges in Suid-Afrika, naamlik J.W. Postma, C.M. Smit en D.P.J. Smith, waardevolle bydraes gelewer het tot die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde in Suid-Afrika en as leidende figure na vore getree het en wel ten opsigte van die volgende fasette:

- opleiding en onderrig
- navorsing en publikasies
- administratiewe en organisatoriese aspekte

Al drie het in 'n groot mate daarin geslaag om 'n gesonde balans tussen bogenoemde drie fasette te handhaaf. Elkeen het daarin geslaag om op sy eie manier, sy eie tyd en op bepaalde terreine besondere bydraes te lewer. Nieteenstaande die beperkings wat op hulle geplaas is, het hul vanaf 'n "klein begin" daarin geslaag om die vak so uit te bou dat die Liggaamlike Opvoedkundiges van vandag die vrugte van hul arbeid kan pluk.

Die ondersoekende gees behoort uit die verlede te leer en die historiese in sy konteks te waardeer. Dit is dan ook die navorser se wens dat hierdie studie aan die Liggaamlike Opvoedkundige van vandag nuwe insig sal verleen oor die herkoms en ontwikkeling van sy vak, dat daar opnuut waardering sal wees vir die werk wat deur die "ouer garde" gedoen is en dat met nuwe oë gekyk sal word na die diep spore wat reeds getrap is.

## ABSTRACT

The contributions of some leading Physical Educationists to the development of Physical Education in South Africa since the beginning of the twentieth century.

The main objective of this study was to document, systematize and analyse the contributions of some leading Physical Educationists to the establishment and development of Physical Education in South Africa.

The main methodological approach used to realise this objective was the historical-analytical method, by which the data were systematized and analysed thematically and chronologically. With a view to the systematization of data, the following main aspects were chosen according to which the contributions were analysed:

- Training and instruction
- Research and publications
- Administrative and organisational aspects - in particular to Physical Educational and sports associations and professional journals.

Although several factors were considered in determining the value of the contributions, the emphasis fell on the nature, extent and quality of the contributions made in the fields already mentioned.

To do research on only a few Physical Educationalists, a selection had to be made from 35 leading persons in this field in South Africa. Information on the work, approaches and involvement of these 35 persons were obtained by personal interviews and correspondence, and by studying documents, annual reports, minutes, journals, newspapers, dissertations and theses.



After the relevant information had been gathered, the following criteria were applied to analyse the contributions of the chosen persons and to select three of them for further study:

1. Training and instruction
  - 1.1 Establishment and development of the subject
    - 1.1.1 Administrative control over training and instruction
    - 1.1.2 Institution of courses and subjects, as well as the compilation of syllabuses
    - 1.1.3 Implementation and expansion of facilities and equipment
    - 1.1.4 Methods of presentation and aids used
  - 1.2 Personal influence
2. Research
  - 2.1 Own research
  - 2.2 Project leadership and assistance to students
  - 2.3 Publications
  - 2.4 Papers presented
3. Administrative and organising aspects
  - 3.1 Associations for Physical Education
  - 3.2 Sports associations
  - 3.3 Physical Educational journals
  - 3.4 Festivals and public appearances
  - 3.5 Other projects, such as fitness programmes and film production

The application of this set of criteria to the nature, extent and quality of the work by the previously mentioned 35 persons facilitated the selection process, but still could not succeed in pinpointing only three persons for the study. For this reason, additional criteria were chosen according to which three persons could responsibly be selected.

These criteria were connected with aspects such as the geographical regions where the persons worked for the longest periods of time; the particular subjects or fields of interest in which they specialised; the specific fields in which they made their most important contributions; and the period in which they made the contributions.

On the basis of these additional criteria, the following three persons were selected: J.W. Postma, C.M. Smit and D.P.J. Smith

The contributions of these three persons to the development of the subject of Physical Education in South Africa were dealt with under the following headings:

1. Biographical sketch
2. Views on Physical Education and sport
3. Contributions to training and instruction
4. Research contributions
5. Contributions particular to Physical Educational and sports associations and professional journals

To provide the necessary background information and to get a clear picture of the position these three persons had in the history of Physical Education in South Africa, as well as the conditions in which they had to work, one chapter was set aside for a survey of the development of Physical Education in South Africa between 1900 and 1982. Following that, the contributions of J.W. Postma, C.M. Smit and D.P.J. Smith to the development of the subject were dealt with in separate chapters.

During the study the following conclusions were drawn with regard to the contributions of J.W. Postma, C.M. Smit and D.P.J. Smith to the development of Physical Education in South Africa.

#### J W POSTMA

Postma's contribution should be viewed in the light of the circumstances in which Physical Education was presented at that time. These were the formative years of Physical Education and Postma had to do pioneering work in various fields. Whereas certain aspects of the subject are nowadays being taken for granted, Postma then had to fight for the subject's right of existence.

Postma's most important contribution with regard to the training of students of Physical Education was his management and the development of

the Department of Physical Education at the University of Stellenbosch. He made a special contribution to the institution and development of courses and subjects, as well as the drafting of syllabuses. He was responsible for the institution of the section of Tests and Measurements in the Physical Education course at the Department. The importance of including this section in a Physical Education course has since been realised by other educational institutions. It is therefore largely owing to Postma (as well as Smith) that Tests and Measurements (later called Evaluation) was included in the courses for Physical Education students in South Africa.

Besides Tests and Measurements, Postma also contributed to other theoretical sections of the subject such as Anthropometry, Principles, Method and Organisation, and Administration. He expanded factual knowledge on these subjects at Physical Education Departments throughout South Africa by means of publications and papers.

Postma also strove for the implementation of better training facilities, especially in research. He also saw to it that the most vital scientific reference works and journals were made available to Physical Education students. Postma was an enthusiastic lecturer and inspired his students.

Postma's most important contribution in the field of research lies in the fact that he was one of the first Physical Educationalists in South Africa to begin research on the subject. Not only did he personally undertake many research projects, but he also inspired his students to do research and gave them valuable critical guidance in their work.

The fact that Postma was an expert in the field of Physical Education as a whole, led to several publications on a wide spectrum of subsections within the subject. The large number of publications for which he was responsible, ensured that his views on the subject were propagated throughout South Africa. His book *Inleiding tot die Liggaamlike Opvoedkunde* should be seen as his biggest and most important research contribution to the development of the subject.

Postma's involvement with Physical Educational Journals and organisations in South Africa ensured growth in these two fields of the subject.

Postma made a particularly valuable contribution to the development of the South African Association for Sport Science, Physical Education and Recreation. He was responsible in various capacities and in several fields for the establishment and development of this organisation. He can be seen as one of the most important founder members of this body, which came to be known as SAASSPER, and which is highly esteemed.

#### C.M. SMIT

As was the case with Postma, Smit had to pioneer and found the subject and had to fight for its development and survival. His contributions were especially in the following fields: the establishment and development of Physical Education at schools and Physical Educational organisations; the establishment and development of Physical Education and sport at the University of Pretoria; the development of the subject by means of research and publications, as well as through services rendered to Physical Educational and sports associations.

With regard to the development of training and instruction as part of Physical Education, Smit did important work in two aspects. In the first instance, he did pioneering work as the first organiser of Physical Education at the Union Education Department and the National Advisory Council for Physical Education (NACPE). He had the gigantic task of establishing Physical Education at the widely diffused schools of the Union Education Department and to advise all voluntary physical culture clubs throughout the country. To succeed in this, he had to design new systems, present training courses, give professional advice, decide on the purchase and supply of Physical Educational and sports equipment, and manage several administrative affairs. One of Smit's biggest assets was his ability to instill in teachers and instructors his own knowledge, love and enthusiasm for Physical Education.

During his involvement with the Union Education Department and NACPE Smit was responsible for the compilation of the national syllabus for

Physical Education in South Africa. This can rightly be seen as one of Smit's most important contributions to improve the instruction of Physical Education in South Africa.

Secondly, Smit made a great contribution to promote the training and instruction of Physical Education in South Africa by the work he did as professor at the Department of Physical Education and as Director of the Institute for Physical Education at the University of Pretoria. He had to establish and manage both these departments. He was responsible for the creation of sport structures at the University of Pretoria, the planning and development of sport grounds, the purchase of equipment and for advising sport clubs. As head of the Department of Physical Education, he had a big part in the instituting and developing courses and subjects, as well as in making adjustments and changes to upgrade the quality of training of Physical Education students. The standard of training was improved further by Smit's constant efforts to increase the quality of the facilities used in training. In this regard, special mention has to be made of the construction of the building in which the Department of Physical Education is housed, and the building of the L. C. de Villiers Stadium and sport grounds.

The efficient way in which Smit managed the Department of Physical Education led to the expedient and effective training of students.

Apart from the efficient control which Smit had over the Physical Education Building and its staff, he also made an effort to maintain good relations between the personnel and students. For example, he took the initiative in organising Physical Education tours and forming a Physical Education Society at the University of Pretoria.

Because of the heavy work load that Smit had to bear during his employment at the University of Pretoria and the Union Education Department, he had little time left for research work and publications. He tried to expand his knowledge of the subject by studying publications, undertaking study tours and attending conferences on Physical Education. His contribution to research on the subject consisted of some research projects he completed on his own, as well as guidance to

post-graduate students. With regard to publications, he was responsible for some books (mostly as co-author) and several articles published in journals such as *Physical Education and Vigor*.

Smit contributed his services to outside organisations. He was involved in the South African Association for Sport Science, Physical Education and Recreation from its inception. During this time he acted as chairman (1952) and worked on several of the organisation's committees.

Apart from being involved in several branches of sport at the University of Pretoria, he also offered his services to national and provincial sport bodies.

#### D.P.J. SMITH

As was the case with Postma and Smit, Smith's contributions to the development of Physical Education in South Africa should be seen against the circumstances surrounding the subject at that time. Because the subject was not given recognition, Smith had to do pioneering work in many fields. He was one of the few Physical Educationalists who succeeded in making a balanced contribution to each of the following aspects of the subject: training, research and services rendered to outside organisations.

Smith's contributions in the field of training are mainly related to his involvement with the Potchefstroom Teachers' Training College and the Potchefstroom University. He was the first person to be permanently appointed as lecturer of Physical Education at the Potchefstroom University. In this capacity he was not only responsible for the training of Physical Education students, but also for the organisation and presentation of advancement classes for teachers. In both cases Smith did pioneering work, especially in the establishment and development of Physical Education courses and subjects, as well as the compilation of syllabuses for these subjects. Because of his efforts to improve the quality and quantity of Physical Educational facilities and equipment at the College, the standard of instruction improved. During this time Smith was also responsible for the organisation and presentation of several exhibitions

related to Physical Education. In this way the public was introduced to the nature, content and methods of instruction of the subject, and prospective students were motivated and recruited. Smith's work as lecturer, marked by enthusiasm, energy and purposefulness in presenting the subject, played a definite role in improving the standard of training at the College's Department of Physical Education.

The contributions Smith made to training during his involvement with the Potchefstroom University, can be summarised as follows: In the first place he established and developed the Department of Physical Education at the University. Due to his capable administration of the Department, the training of students could be effected successfully and effectively. In the second place Smith did pioneering work in the institution of courses and subjects, as well as the compilation of syllabuses. He saw to it that the contents of the courses were scientific, applicable and practical. In the third instance, the quality of instruction which Smith offered his students was exceptionally high. Not only were his lectures well prepared, systematic and of a high standard, but his method of presentation was also stimulating, interesting and very effective. His example had a positive influence on his students. In the fourth instance, the standard of instruction was improved due to the acquisition of better facilities and equipment, which was largely the result of Smith's efforts.

Smith's contributions in the field of research in Physical Education can be summarised as follows:

- He did pioneering work in establishing research in Physical Education at the Potchefstroom University.
- He provided expert and inspired guidance to students in their own research projects.
- He maintained good contact with experts and remained informed on new developments in the subject by attending conferences and symposia.

- He was responsible for several publications which were scientific, orderly and polished.

With regard to services rendered to outside organisations, Smith made large and valuable contributions. Apart from his involvement with organisations such as the Road Safety Council and the Church, Smith did extremely valuable work for Physical Educational and sports associations. He was involved in the research section and several committees of the Physical Educational organisation SAASSPER, and made valuable contributions during discussions at its conferences. In the field of sport, he offered his services in various capacities, such as coach, administrator, selector, official and president, on club and national level. Although he was principally concerned with athletics and tennis, his assistance was valuable to sportsmen across the board. For him it was his life's work to be of service to sportsmen and sports women. He was also of service to the public through his involvement with several fitness projects. In the 1940's he presented exercise classes to the public in Parys, and during the 1960's and 70's he played a leading role in fitness projects launched by the National Fitness Scheme.

## CONCLUSION

This study showed that the following three leading South African Physical Educationalists - J.W. Postma, C.M. Smit and D.P.J. Smith - had made valuable contributions to the development of Physical Education in South Africa. Their contributions were analysed under the following headings:

- Training and instruction
- Research and publications
- Administrative and organising aspects - in particular to Physical Educational and sports associations and professional journals

All three of them succeeded to a large extent in maintaining a healthy balance between these three aspects of their work.



The researcher hopes that this study will give the Physical Educationalist of today new insight into the origins of this subject and that there will be a renewed appreciation of the work done by the pioneers of Physical Education in South Africa.